BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# KRINGE EN RYE

# Deel 4 – Deelgenote en Medewerkers

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

## Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Wanneer het jy tot bekering gekom? Hoe het dit gebeur1? Wie was die persone betrokke in die proses?**

**In watter kringe beweeg jy waar jy vind mense anders as jy dink? Hoe hanteer jy dit?**

**As jy weet jy het net 'n maand oor om 'n impak in mense se lewens te maak, in wie se lewe sou jy die grootste impak wou maak? Verduidelik.**

**Wat dink jy is jou hoogste roeping tans in hierdie lewe? Hoe sien jy dit?**

**Lees deur 2 Korintiërs 5:14-21 in meer as een vertaling en beantwoord die vrae:**

**Wat is volgens Paulus (in vers 14) die motivering vir hulle uitreik na ander mense? Beskryf dit jou motivering vir uitreik na mense in jou lewe? Verduidelik.**

---

---

---

**Paulus het dit duidelik gemaak dat hy leef nie vir homself nie. Hoekom dink jy het ons oortuiging vir *wie* ons leef 'n invloed op *hoe* ons leef? Wat dink jy sê jou huidige lewe en program vir wie/wat jy leef?**

---

---

---

**In vers 16 maak Paulus dit duidelik dat hulle nie meer volgens menslike standaarde oordeel nie. Met ander woorde, nou sien hulle elke mens as iemand wat hemel of hel toe gaan en dit het 'n invloed op hoe hulle daardie persoon benader. Watter menslike maatstawwe dink jy verhoed dat ons uitreik na mense wat nie Jesus ken nie?**

---

---

---

**Tel hoeveel keer daar in hierdie gedeelte gesê word dat God ons gekies het om uit te reik na mense? Hoekom dink jy herhaal Paulus dit so baie? Hoe laat dit jou daaroor dink?**

---

---

---

**Lees ook Matteus 28:19-20, Markus 16:15; Lukas 24:46-48; Johannes 20:21; Handelinge 1:8. Wat is die opdrag vir gelowiges in al hierdie gedeeltes?**

---

---

---

**Wat maak dat jy sukkel om aan bogenoemde opdrag te voldoen?**

---

---

---

**In die preek is daar vier vrae gegee waaroor ons moet dink – Wie?; Hoeveel?; Waar? en Hoe? Watter een van hierdie vrae is vir jou die moeilikste om te antwoord? Hoekom?**

**Skryf die name van mense wat julle as groep ken wat nog ongelowig is. Bid vir geleenthede om die evangelie te deel met hierdie mense en dat God hulle harte sal voorberei. Na wie van hierdie mense kan julle hierdie week uitreik?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**